WESKUS DISTRIKS MUNISIPALITEIT

VERORDENINGE INSAKE DIE BEHEER OOR EN GEBRUIK VAN BOTE EN BOOTVAART OP BULSHOEKDAM

1.0 Woordomskrywing

1.1 " agterstewe " die agterste gedeelte van die vaartuig;

1.2 " bakboord " die linkerkant van die vaartuig , as 'n mens vorentoe kyk na die voorstewe;

1.3 " boeg " die voorste gedeelte van die vaartuig;

1.4 " boot of vaartuig " enige vervoermiddel korter as 7,62 meter wat in staat is om op of in water te dryf of wat ontwerp is vir navigasie op of in water en sluit in , maar is nie beperk tot 'n motorboot , seilboot , skiroei , kano , kragboot , stralerboot , jetski , hengelboot , platboomskuit , veerboot , huisboot , waterfiets of vlot nie;

1.5 " binnelandse water " die deel van die dam wat binne die regsgebied van die plaaslike owerheid val , wat hierdie verordening uitgevaardig het;

1.6 " dam " die gedeelte van Bulshoekdam wat onder die jurisdiksie van Die Departement Waterwese val;

1.7 " gebruiker " die persoon waarvoor 'n lisensie en identifikasienommer kragtens artikel 6 van hierdie verordening uitgereik is en wat homself vergewis het van hierdie verordeninge;

1.8 " geregistreerde boot " 'n boot waarvoor 'n lisensie en 'n identifikasienommer kragtens artikel 6 van hierdie verordeninge uitgereik is;

1.9 " gemagtigde beampte " enige persoon ,insluitende 'n natuurbewaringsreservis of 'n lid van die Suid Afrkaanse Polisie Diens, wat deur die Raad gemagtig is om die funksies van 'n gemagtigde beampte kragtens hierdie verordeninge te vervul;

1.10 " hanteer of beheer " om 'n boot te water te laat , te gebruik , te seil , te navigeer , of vas te meer;

1.11 " huisboot " enige vaartuig wat deur eie kragbron aangedryf word of nie , waarop geriewe vir dag of nagverblyf of enige vorm van voedselbereiding voorsien is , of 'n vaartuig waarop enige toilet of wasgeriewe aangebring is;

1.12 " kano " 'n vaartuig wat ontwerp is om deur middel van skepspane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;

1.13 " kantsone " die eerste 20 meter van die kante van die dam insluitende eilande;

1.14 " motorboot " 'n vaartuig wat deur middel van 'n masjien of ander meganiese apparaat , hetsy binneboords of buiteboords geinstalleer , aangedryf word , ongeag of sodanige masjien of apparaat die hoofkragbron is;

1.15 " OEVB " oewereienaarsverening van Bulshoekdam;

1.16 " ontspannings aktiwiteite " enige aktiwiteit uitgevoer in of op die water in die dam met of sonder die gebruik van'n boot of vaartuig;

1.17 " onderweg of vaart " die toestand waarin 'n boot of vaartuig verkeer wanneer dit in of op die water beweeg met sy eie aandrywingskrag;

1.18 " omgewing van die dam " die eiendom aangrensend aan of in die onmiddellike omgewing van die dam;

1.19 " RAAD " Die Weskus Distriks Munisipaliteit { WDM }

1.20 " roeiboot " 'n vaartuig wat ontwerp is om deur middel van roeispane sonder enige meganiese hulp aangedryf te word;

1.21 " seilboot/seilplank " enige boot of vaartuig onder seil wat nie deur meganiese krag aangedryf word nie;

1.22 " sigbaar " sigbaar deur iemand met redelike gesigsvermoë gedurende 'n donker nag met 'n helder atmosfeer;

1.23 " soneringsplan " die plan van die oop watergebied van Bulshoekdam wat opgedeel is in 'n aantal spesifieke sones of sektore vir die uitvoering van spesifieke aktiwiteit (e). Dit kan ook 'n aktiwiteit verbied of aandui dat 'n sone vir bewaringsdoeleindes bedoel is.

1.24 " sones " onderskeie sektore en sones aangedui deur gekleurde boeie;

1.25 " stuurboord " die regterkant van die boot as mens vorentoe kyk na die voorstewe;

1.26 " stuurman " die persoon wat die boot stuur of beheer;

1.27 " toestemming " die skriftelike toestemming van die Raad;

1.28 " vervaldatum " 30 Junie van elke jaar of enige ander datum soos deur die Raad bepaal;

1.29 "Vlae" internasionale erkende vlag met <u>minimum</u> mate van 300mm x 300mm.

1.29.1 " Rooi vlag " wat opgehou moet word wanneer 'n skiër val, totdat hy weer begin ski of aan boord klim . Ander bote moet hul afstande behou;

1.29.2 " Rooi vlag" wat opgehou word , beteken dat die boot in 'n noodtoestand verkeer en dat ander bote hulp moet verleen. Bote wat hulp wil verleen , moet egter die boot wat in nood verkeer versigtig nader omdat daar mense in die water rondom so 'n boot kan wees.

1.30 " watergebied " die wateroppervlak van Bulshoekdam;

1.31 " waterski " om op of in die water te ski of skaats met of sonder die hulp van enige vorm van skaatstoestel en waar die waterskiër deur middel van 'n sleeptou deur 'n vaartuig of vlieër getrek word;

1.32 " waterskiër " 'n persoon wat besig is om te ski;

1.33 " waterfiets " 'n vaartuig wat deur middel van 'n trappedaalmeganisme aangedryf word.

2.0 Hanteer en beheer van bote op die dam

2.1 Geen persoon mag op die dam enige boot of vaartuig met ’n engine van 10 pk { 4.5 kw } of meer , uitgesonderd ‘n kano en ‘n skiroei , hanteer of beheer nie , tensy sodanige boot by die Raad geregistreer is en ‘n lisensie en identifikasienommer het en volgens voorgeskrewe bepalings van hierdie verordeninge daarop vertoon word nie.

2.2 Geen persoon onder die ouderdom van 16 {sestien} jaar mag ‘n boot met ‘n engine van 4.5 kw of meer hanteer nie . Dit is toelaatbaar as hy vergesel word deur 'n persoon ouer as 16 jaar. Gemagtigde beamptes kan 'n onbevoegde persoon aansê om 'n boot nie te beheer of hanteer nie en indien hy voortgaan, sal die lisensiehouer hom skuldig maak aan ‘n misdryf.

2.3 Geen persoon sal ‘n boot op die dam lanseer behalwe vanaf ‘n goedgekeurde lanseerarea. Dit word aanbeveel dat elke lanseerarea oor ‘n fasiliteit beskik waar booteienaars hulle bote kan in- en uitteken.

Bote moet by die lanseerareas van die sones waar hulle bote geregistreer is ingesit en uitgehaal word behalwe as daar ‘n amptelike reeling , vir praktiese redes , tussen die twee oewereienaars bestaan.

2.3.1 Goedgekeurde Lanseerareas

a. Rondeberg

b. Nardouw

c. Riviera

d. Thys Louw

e. Hennie Joubert

f. Francois van Heerden

g. Braam Compion

h. Hilda Compion

2.4 Geen persoon sal ‘n boot op die dam hanteer:

2.4.1 op’n roekelose , nalatige of hinderlike wyse nie;

2.4.2 terwyl die persoon onder die invloed van drank { die persentasie alkohol in die persoon se bloed , uitgedruk in gram per 100 ml bloed , 0.05 of meer } of ‘n dwelmmiddel is nie;

2.4.3 terwyl die persoon aan ‘n gebrek ly wat die persoon ongeskik maak om dit te doen nie;

2.4.4 op ‘n wyse wat gevaarlik is vir die publiek of vir die insittendes van die boot of om enige eiendom of gerief aan gevaar bloot te stel of te beskadig nie;

2.4.5 op ‘n wyse wat ‘n oorlas uitmaak nie;

2.4.6 sonder redelike inagneming van die regte van ander persone wat die dam gebruik;

2.4.7 terwyl dit olie , petrol of ‘n giftige gas lek nie;

2.4.8 indien meer persone of ‘n groter vrag aan boord is as waarvoor die vaartuig ontwerp en gebou is ,of as wat op die lisensie aangetoon is of waarvoor daar sitplekke binne die boot is;

2.4.9 indien die boot nie by die Raad geregistreer en gelisensieer is nie en die identifikasienommer wat ten opsigte daarvan uitgereik is , nie duidelik soos deur die Raad voorgeskryf is daarop aangebring is nie;

2.4.10 geen wedrenne word toegelaat nie;

2.4.11 bote kan alleenlik in die kantsones ry as dit teen luierspoed gedoen word met dien verstande dat swem aktiwiteite in die sone mag plaasvind. Die 20 meter rondom eilande word as kantsones beskou.

3.0 Toerusting van vaartuie

3.1 Niemand mag ‘n vaartuig , uitgesonderd ‘n kano , skiroei of seilplank op die dam gebruik tensy die volgende toerusting aan boord is nie:

3.1.1 ‘n doeltreffende reddingsgordel of vlotband vir elke persoon aan boord;

3.1.2 voldoende en geskikte roeispane of skepspane om die vaartuig aan wal te bring;

3.1.3 ‘n pomp of ander geskikte skeptoestel , tensy die vaartuig ontwerp is om met die maksimum toegelate aantal persone aan boord te dryf , selfs as dit vol water is;

3.1.4 in die geval van ‘n motorboot wat gebruik word om ‘n waterskiër te trek , word aanbeveel dat ‘n geskikte waterski-truspieël geinstalleer word;

3.1.5 in die geval van ‘n motorboot , ‘n doeltreffende fluit of sirene wat gebruik kan word om botsings te voorkom asook as waarskuwing na ‘n ongeluk;

3.1.6 in die geval van ‘n motorboot , ‘n doeltreffende brandblusser;

3.1.7 ‘n doeltreffende vlamstuiter vir elke vergasser van ‘n binneboordmasjien ;

3.1.8 ‘n doeltreffende knaldemper aan die uitlaatpyp van ‘n motoraangedrewe vaartuig;

3.1.9 wanneer ‘n vaartuig tussen sononder en sonop gebruik word , moet die volgende navigasieligte minstens oor ‘n afstand van 200 meter sigbaar wees en moet die boot teen luierspoed beweeg ;

{a} in die geval van ‘n motorboot of seilboot moet ‘n wit lig na alle kante toe sigbaar wees en

gesien van die boeg se kant moet ‘n groenlig aan stuurboord sigbaar wees

en gesien van die boeg se kant moet ‘n rooilig aan die bakboord sigbaar wees.

{b} in die geval van vaartuie soos seilbote , kano’s , seilplanke of skiroei moet sterk flitsligte vertoon word om sigbaar te wees vir ander vaartuie.

3.1.10 ‘n geskikte vullishouer;

3.1.11 ‘n geskikte anker met voldoende ankertou;

3.1.12 alle reddingstoerusting aan boord van ‘n vaartuig in die water moet in goeie werkende toestand en maklik bekombaar wees vir onmiddellike en effektiewe gebruik.

3.1.13 'n rooivlag, in die geval van motorbote beteken die ophou van 'n rooi vlag dat die boot 'n noodtoestand het en dat ander bote bystand moet verleen.

3.1.14 'n geelvlag, in die beval van motorbote beteken die ophou van 'n geel vlag as waarskuwing { byvoorbeeld - skiër in die water } en dat ander bote afstand moet behou ,veral as die boot verbygesteek word.

3.2 Dit word aanbeveel dat ’n selfoon vir noodgevalle aan boord geneem word.

4.0 Reëls vir bootvaart

4.1 Tye vir bootverkeer is vanaf 30 minute voor sonopkoms tot 30 minute na sonsondergang. { verwys na 3.1.9 }

4.2 Jetski 's word soos bote hanteer behalwe dat verkeer vir jetski's alleenlik vanaf 08.00 tot 13.00 en vanaf 15.00 tot 17.00 is. Indien 'n jetski truuks wil doen op die dam, moet die gedeelte van die dam noord van die polisie tot teen die boeie van die damwal gebruik word.

4.3 Niemand mag 'n vaartuig in die dam onbewaak laat nie , tensy dit deeglik geanker , vasgemeer of tot 'n veilige hoogte op droë grond bo watervlak vervoer is.

4.4 Geen vaartuig mag op 'n ander plek vasgemeer of te water gelaat word as wat deur die Raad vir die doel aangewys of goedgekeur is nie. Gemagdigde amptenare mag sonder toestemming van die eienaar 'n vaartuig verskuif of op 'n ander plek vasmeer as hy dit in die openbare belang nodig ag.

4.5 Geen vaartuig mag aan 'n ander vaartuig of 'n merker , boei of ander navigasiehulpmiddel vasgemeer word nie.

4.6 Die stuurman van enige vaartuig moet sorg dat hy deurgaans , terwyl die vaartuig onderweg is , in 'n posisie verkeer dat hy volle beheer oor die vaartuig kan uitoefen.

4.7 Die stuurman van enige vaartuig wat 'n lyn , kabel of tou vir watter doel ook al sleep , moet sorg dra dat niemand anders daardeur in gevaar gestel word of ongerief veroorsaak nie.

4.8 Niemand mag 'n vaartuig so hanteer of toelaat dat dit so hanteer word dat dit 'n gevaar skep of 'n ergenis veroorsaak vir enige ander vaartuig of insittendes daarvan , of vir ander persone of eiendom of installasies in of langs die kant van die water nie.

4.9 Geen motorboot wat onderweg is en geen persoon wat waterski beoefen in die dam , mag nader as 20 meter van 'n plek waar mense swem ,of nader as 20 meter aan die kant van die water ,of nader as 10 meter van 'n ander vaartuig beweeg nie , tensy;

4.9.1 omstandighede sodanig is dat sulke afstande nie gehandhaaf kan word nie;

4.9.2 hulp in 'n noodtoestand verleen word;

4.9.3 die motorboot of waterskiër wat daardeur gesleep word aan wal gaan of van die wal vertrek.

4.10 In alle gevalle wanneer afstande nie gehandhaaf kan word nie, soos beskryf in para 4.9, moet die motorboot onmiddellik spoed verminder tot minder as 10 km per uur.

4.11 Niemand mag op die boeg , voordek of voorwand van 'n motorboot wat onderweg is , wees nie , tensy voldoende veiligheids- of skutrelings aangebring is.

4.12 Niemand mag van 'n motorboot wat onderweg is , spring of duik nie,behalwe wanneer hulp in 'n noodtoestand verleen word,of wanneer dit nodig is om die boot vas te meer of aan wal te bring.

4.13 Waar moontlik sal 'n vaartuig so gestuur word dat die middellyn van die vaargebied altyd aan die bakboordkant van die vaartuig is , met ander woorde, alle vaartuie moet in 'n **antikloksgewys** rigting beweeg.

4.14 Wanneer twee vaartuie mekaar van voor of naastenby van voor nader , moet elkeen so gestuur word dat hy die ander aan sy eie bakboordkant verbygaan , met in ag neming van die bepalings van para 4.9 en teen so ‘n snelheid dat sy volgstroom nie die ander vaartuig in gevaar stel nie.

4.15 Geen vaartuig mag ‘n ander vaartuig wat in dieselfde rigting vaar , verby steek nie , tensy dit veilig is om dit te doen en wanneer dit wel gedoen word, moet dit aan die bakboordkant van die ander vaartuig verbygaan met in agneming van Para 4.9 en teen so ‘n snelheid dat sy volgstroom nie die ander vaartuig in gevaar stel nie.

4.16 ‘n vaartuig wat verby gesteek word , moet sy snelheid en rigting handhaaf totdat die ander vaartuig verby is.

4.17 Wanneer twee bote mekaar nader op ‘n ander wyse as in Para 4.14 en 4.15 , moet die vaartuig wat die ander aan sy bakboordkant het , sy snelheid en rigting handhaaf en die vaartuig wat die ander aan sy stuurboordkant het , moet uit die ander boot se pad bly deur sy rigting na stuurboord te verander sodat hy agter die ander vaartuig verbygaan en hy moet indien nodig ten einde ‘n botsing te vermy , stilhou.

4.17.1 Wanneer twee seilbote mekaar so nader dat dit die gevaar van ‘n botsing inhou , moet hulle ondanks die bepalings in Para 4.14 en 4.15 en 4.16 , soos volg uit mekaar se pad bly.

{a} wanneer elkeen die wind aan ‘n ander kant het , moet die vaartuig wat die wind aan sy bakboordkant het , uit die pad van die ander bly;

{b} wanneer altwee die wind aan die dieselfde kant het , moet die vaartuig aan die loefkant uit die pad van die vaartuig aan die lykant bly. { die loefkant word beskou as die kant teenoor die kant wat die hoofseil dra }

4.18 Nieteenstaande die bepalings van Para 4.13 en 4.14 en 4.15 en 4.16 en 4.17 moet , waar onstandighede dit vereis ten einde ‘n botsing tussen vaartuie te vermy , motorbote vaarreg gee aan alle ander vaartuie. Roeibote en Kano’s moet vaarreg gee aan seilbote. Hierdie verordening gee nie aan die stuurman van enige vaartuig die reg om die vaart van ‘n ander vaartuig onnodig te versper nie.

4.19 Die stuurman van enige vaartuig moet ‘n veilige en versigtige snelheid handhaaf in ‘n gebied waar vaartuie vasgemeer is , waar vis gevang word of waar boeie aangebring is en moet , wanneer die uitsig belemmer is , die vaartuig so bestuur dat persone , ander vaartuie of eiendom nie in gevaar gestel word nie

4.20 Geen vaartuig mag nader as 50 meter in die volgstroom van ‘n waterskiër vaar nie. Bote en veral jetski’s moet let wanneer hulle in die volgstroom van ‘n boot ry wat ‘n waterskiër trek dat volgafstande gehou word en moet ten alle tye die waterskiër dophou aangesien so ‘n waterskiër enige tyd kan val ,of die trektou los of kruis en dwars oor die volgstroom mag beweeg in welke geval hy vir hom genoeg afstand en tyd moet toelaat om te stop of stadiger te ry sodat die reels in paragrawe 4.13 tot 4.18 nagekom kan word.

4.21 Geen vaartuig wat deur middel van ‘n skroef bo die water aangedryf word , mag in die watergebied gebruik word nie.

4.22 Geen vliegtuig mag neerstryk of opstyg binne die watergebied nie , behalwe in ‘n noodgeval.

4.23 Geen boot mag op boothellings gelaat word nie.

4.24 Geen resiesbote word toegelaat nie.

4.25 Alleenlik amptelike bote word toegelaat om verby die boeie voor die damwal te be weeg.

5.0 Waterski

5.1 Niemand mag op die dam waterski beoefen tensy die persoon ‘n doeltreffende reddingsgordel aan het nie.

5.2 Geen staal of metaalkabel of staaldraad mag gebruik word om ‘n waterskiër te trek nie.

5.3 Die stuurman van enige vaartuig wat ‘n waterskiër trek ,moet , voordat die skiër getrek word, toesien dat die stuurman en die skiër vertroud is met die **Hand Kommunikasie en Tekens** vir waterskiërs..

5.4 Geen waterski mag tussen 30 minute na sononder en 30 minute voor sonop beoefen word nie. Die Raad mag waterski tye verander.

5.5 Geen vaartuig mag ‘n waterskiër trek tensy ‘n tweede persoon {die waarnemer } wat bevoeg is ,maar nie jonger as 7 jaar, in die vaartuig teenwoordig is en moet so geposisioneer wees om die waterskiër te alle tye dop te hou. Die waarnemer moet vertroud wees met die **Hand Kommunikasie en Tekens.**

5.6 Geen waterskiër mag ‘n waterski uitskop , tensy dit gedoen word op ‘n plek waar die uitgeskopte waterski nie ‘n gevaar vir ander waterskiërs of vaartuie skep nie.

5.7 Sodra ‘n waterskiër die sleeptou los of per abuis laat val ,of gedurende ‘n skivaart val ,moet die stuurman toesien en/of hulp verleen dat die waarnemer die volgende doen;

5.7.1 die geelvlag onmiddelik ophou sodat dit opsigtelik is vir ander bote en die vlag ophou totdat die skiër weer begin ski of aan boord gehelp is;

5.7.2 die sleeptou onmiddelik op die vaartuig intrek;

5.7.3 die vaartuig onmiddelik laat draai en die waterskiër weer op sleeptou neem ,of die skiër aan boord van die vaartuig neem;

5.8 Waterski word slegs binne die sones of sektore toegelaat wat daarvoor uitgewys is en aangedui is op die soneringsplan.

5.9 **Hand Kommunikasie en Tekens vir Waterskiërs.**

Waterskiing Hand Communication and Signals

Hand signals are an extremely important form of communication while waterskiing / wakeboarding. A skier yelling instructions over the noise of the boat motor can be nearly impossible to hear. Unsuccessful communication by the skier can be frustrating and dangerous.

Avoid this frustration and take a moment to go over hand signals with your crew, spotters, and skiers before anyone jumps in the water. Your crew should know the signals so they may communicate to the driver because the driver cannot always have their eye on the skier.

Verbal communication can be used when the skier is still floating in the water before the boat accelerates. When the rope is tight and the handle is in the skier’s hands, the spotter / boat driver should wait on communication from the skier signaling if they are ready or not for the boat to accelerate to pull them out of the water. The people in the boat should yell, "Ready?" The skier will either reply back with "Hit It" which signals the

driver to accelerate, or the skier will respond with "Wait." The words "Go" and "No" should not be used because they sound very similar and are hard to differentiate.

Use the below hand signals when practicing waterskiing / wakeboarding communication.

Faster

Turn Right

Slower

Turn Left

Speed O.K.

Stop

These are other communications signals that are helpful on the water:

- When a skier has fallen, they should bend their arm in a crest-like shape towards and above their head and touch their fingertips to their head. This signals the driver the skier is O.K. and free of injury. Another way to communicate that the skier is O.K. is for them to raise both arms above their head and touch both hands fingertips together, forming a circle.
- If the skier wants to let go of the tow rope they should use a hand to simulate a "slice across the neck."
- Beginner skiers / boarders usually appreciate someone in the boat signaling to them that there are approaching wakes. A way to indicate this is to have the spotter extend one arm straight out to their side and move it up and down. The rising and falling of the arm communicates to the skier oncoming wakes.
- When the spotter wants the skier to stay directly behind the boat the spotter should extend one arm straight in front of their body and move it up and down. The reason for doing this is because the people in the boat can sometimes foresee a questionable / dangerous situation before the skier can. Staying directly behind the boat is the safest place to be.
- A skier should signal the driver they want to get back in the boat by patting their head several times with their hand.
- While a skier is waiting in the water for the boat to come back around after a fall, have the skier raise whatever equipment they have high in the air so approaching boats can see the skier in the water.
- An important signal exercised by the driver is one communicating that the boat is turning around. This is most often signaled by pointing the arm up in a 90 degree angle and rotating the forearm and hand around in wide circles. Be sure to give your skier plenty of warning before you turn so they may position themselves behind the boat where they feel most comfortable. Aggressive skiers usually

want to be outside the wake to create speed, and non-aggressive skiers generally stay right behind the boat for a more controlled and slower ride.
- No or minimal skier movement following a fall suggests to the boat crew that the skier / boarder may be injured. The boat should approach the skier as soon as possible.

For further safety instruction on the water try the online Safe Boating Course from Nautical Know How.

Now go and be safe on the water.

6.0 Registrasie en lisensiëring van bote

6.1 Enige persoon wat van voornemens is om ‘n boot op die dam te gebruik , moet skriftelik op die voorgeskrewe vorm by die Raad om registrasie en ‘n lisensie vir die boot aansoek doen.

6.2 Die aansoek moet vergesel wees van dié gelde soos van tyd tot tyd deur die Raad bepaal sal word.

6.3 Indien ‘n aansoek afgekeur word , sal dié gelde terug betaal word.

6.4 Enige boot waarvoor aansoek vir ‘n lisensie gedoen is , moet op aanvraag van ‘n gemagtigde beampte , beskikbaar gestel word vir ‘n ondersoek deur ‘n gemagtigde beampte van die Raad op ‘n plek , datum en tyd wat deur beide die booteienaar en die gemagtigde beampte vasgestel word.

6.5 Wanneer aansoeke om lisensiëring oorweeg word , kan die Raad ‘n onderskeid tref tussen oewereienaars en nie-oewereienaars , bote wat behoort aan grondeienaars , huiseienaars , inwoners of lede van ‘n geregistreerde klub wat gemagtig is om op die water in die dam te wees en bote wat behoort aan nie-grondeienaars , nie- huisienaars , nie-inwoners en nie-lede ten einde die getal bote wat gelisensieer kan word , te beperk.

6.6 Die Raad kan aansoeke goedkeur of afkeur en kan wanneer hy dit goedkeur voorwaardes oplê met betrekking tot die wyse van hantering van die boot , herstelwerk of veranderings daaraan , wat hy in die belang van veiligheid of ter nakoming van hierdie verordening nodig ag.

6.7 Die Raad kan weier om ‘n aansoek goed te keur indien hy oortuig is dat die hantering van so ‘n boot;

6.7.1 ‘n bron van besoedeling in die dam of die omgewing van die dam sal wees;

6.7.2 ‘n oorlas sal veroorsaak;

6.7.3 gevaar sal inhou vir persone wat dit gebruik of vir die publiek ;

6.7.4 by ander damme afgekeur is;

6.7.5 te veel waarskuwings ontvang het.

6.8 Die jaarlikse lisensie van ‘n boot is oordraagbaar van een gebruiker na ‘n ander en van een boot na ‘n ander , solank die lisensie(s) die eiendom van die betrokke oewereienaar bly , in wie se naam die lisensie(s) geregistreer is. Die betrokke oewereienaar moet toesien dat die gebruiker(s) die voorgeskrewe aansoekvorm voltooi en die gebruiker hom vergewis van die verordeninge insake beheer oor en gebruik van bote en bootvaart te Bulshoekdam.

6.9 Die registrasie spesifiseer die naam van die oewereienaar , persoon aan wie dit uitgereik is , die maksimum aantal persone wat in die boot vervoer mag word , die tipe en algemene lengte van die boot , die maksimum krag van die engine en die identifikasinommer wat aan die boot toegewys is.

6.10 Die registrasie en lisensiëring van die maksimum toelaatbare vaartuie op Bulshoekdam sal van tyd tot tyd deur die Raad bepaal word en geskied uitsluitlik na goeddunke van die Raad en redes sal verstrek word indien die registrasie en lisensiëring van ‘n boot nie toegestaan word nie.

6.11 Die Raad behou die reg voor om die aantal registrasies per persoon en/of oewereienaar te beperk.

6.12 Elke gebruiker wat ‘n boot op die dam hanteer, is self verantwoordelik om homself te vergewis van die verordeninge en is verantwoordelik vir sy eie optredes.

6.13 Indien ‘n boot verkoop of weggedoen word , berus die onus by die eienaar om die identifikasienommer van die boot te verwyder.

6.14 Die oewereienaar {Lisensiehouer} bly in alle gevalle verantwoordelik vir sy boot wanneer dit op die water is al word dit deur iemand Andres bestuur / gebruik..

7.0 Geldigheid van lisensies en identifikasienommers

7.1 Die lisensie van ‘n boot verval op 30 Junie van elke jaar en bly geldig vir ‘n tydperk van hoogstens 12 maande of ‘n tydperk wat deur die Raad bepaal kan word.

7.2 Die identifikasienommer van ‘n boot word aangebring aan die buitekant van die boot, aan die stuurboordkant , reg onder langs die bestuurder of voorste sitplek van die boot. Aangesien die vorm van jetski”s redelik verander is dit moeilik om ‘n standard vas te stel , maar die identifikasienommer moet op ‘n sigbare plek aan die stuurboortkant aangebring word.

7.3 Die identifikasienommer vir alle bote is standaard volgens die templet soos deur die Raad gespesifiseer.

7.4 Indien ‘n boot op gesag van die Raad verwyder is , verval die lisensie outomaties.

7.5 Indien die Raad van mening is dat ‘n boot nie meer vir lisensiëring kwalifiseer , ingevolge hierdie verordeninge of ingevolge enige voorwaardes waarop die lisensie uitgereik is nie , kan die lisensie ingetrek word nadat kennis van 30 dae aan die lisensiehouer gegee is.

7.6 Die Raad kan enige lisensie intrek indien;

7.6.1 hy daarvan oortuig is dat die boot ten opsigte waarvan die lisensie uitgereik is , nie meer veilig of seewaardig is nie , of ‘n bron van besoedeling in die omgewing van die dam is , of op so ‘n wyse gehanteer word dat dit ‘n oorlas of gevaar vir ander bote of die publiek is;

7.6.2 die lisensiehouer skuldig bevind is of herhaalde male skuldig bevind is aan ‘n misdryf met betrekking tot die hantering of beheer van die boot ingevolge hierdie verordeninge.

7.7 Indien die Raad enige lisensie ingevolge hierdie verordening intrek , moet die gemagtigde beampte dadelik die lisensiehouer van die intrekking verwittig by die adres wat op die lisensie aangetoon word.

7.8 Geen boot langer as 7,62 meter sal geregistreer word nie.

8.0 Vasstelling van tariewe,gelde en heffings

8.1 Die Raad kan deur spesiale besluit tariewe , gelde en heffings vasstel vir die registrasie en lisensiëring van bote en die verskaffing van identifikasienommers.

8.2 By die vasstelling van tariewe , gelde en heffings kan die Raad onderskei tussen verskillende klasse bote , wat van die dam of enige geriewe gebruik maak , of ten opsigte van die grootte , aandrywing of gebruik daarvan , of enige ander onderskeid tref wat volgens die mening van die Raad tersaaklik is by die vasstelling van sodanige tariewe of gelde.

9.0 Besoedeling van die dam

9.1 Geen persoon mag terwyl hy in die watergebied van die dam is:

9.1.1 onwelvoeglike taal besig nie;

9.1.2 hom onbehoorlik gedra nie;

9.1.3 nakend of onwelvoeglik gekleë wees , baai of ‘n sonbad neem , of dit op ‘n vaartuig is al dan nie;

9.1.4 opsetlik of nalatig enigiets doen wat ongerief aan ander persone wat die watergebied gebruik , veroorsaak of die rus versteur nie;

9.1.5 enige rioolvoor of tenk in die dam laat afvoer of enige vuilwater van enige ander bron daarin laat afvoer nie;

9.1.6 enige stof soos petrol , olie of enige giftige of skadelike stof mag in die dam laat kom nie;

9.1.7 enige gifdoder teen plante op of om die dam gebruik nie;

9.1.8 enige bottels , blikke , afval of vullis van watter aard ook al , in die dam gooi of op die aangrensende grond gooi nie , behalwe in houers wat vir die doel voorsien is;

9.1.9 enige handeling of versuim hetsy regstreeks of onregstreeks ‘n oorlas of die skepping of voortsetting van ‘n bron van gevaar toelaat , of toelaat dat ingemeng word met die gerief of gemak van persone in die omgewing van die dam nie;

9.1.10 enige grond wat daaraan grens of enige gerief in verband daarmee , bevuil of besoedel nie en is skuldig aan ‘n misdryf indien dit wel gedoen word.

10.0 Bevoegdhede van gemagtigde beamptes

10.1 Enige persoon wat ‘n gelisensieerde boot op die dam hanteer of wat enige bepaling van hierdie verordening oortree , kan deur ‘n gemagtigde beampte versoek word om sodanige boot dadelik van die dam te verwyder of om die oortreding te staak.

10.2 Enige gemagtigde beampte het die reg om te eniger tyd aan boord van ‘n boot te gaan en dit te inspekteer.

10.3 Gemagdigde beamptes kan met ‘n geskrewe toestemming in die watergebied:

10.3.1 enige vaartuig of gedeelte daarvan of enige toerusting daarop of daarin ondersoek en toets , ten einde te bepaal of die vaartuig geskik is vir navigasie op of in die water en of daar aan enige spesifike bepaling van hierdie verordening voldoen word;

10.3.2 van die stuurman van ‘n vaartuig enige inligting aangaande die vaartuig vereis en indien die stuurman nie in staat is om die inligting te voorsien nie , versoek dat die vaartuig dadelik uit die watergebied verwyder word , tot tyd en wyl daar aan die versoek voldoen kan word;

10.3.3 van die stuurman vereis om sy naam en adres en naam en adres van die eienaar van die vaartuig en enige ander inligting wat nodig is vir identifikasie doeleindes te verstrek;

10.3.4 van enige ander persoon in die vaartuig vereis om sy naam en adres te verskaf;

10.3.5 indien dit voorkom dat die stuurman van enige vaartuig weens fisiese of geestelike toestand , hoe dit ook al ontstaan het , nie in staat is om die vaartuig te bestuur nie of in beheer daarvan te wees nie , tydelik die stuurman belet om voort te gaan om die vaartuig te bestuur of in beheer daarvan te wees , reëlings tref wat volgens sy mening nodig is vir die veilige beskikking oor die vaartuig;

10.3.6 indien dit voorkom dat die vrag of die aantal persone wat in enige vaartuig vervoer word , meer is as waarvoor die vaartuig ontwerp en gebou is , of meer is as wat inagnemende heersende omstandighede met redelike veiligheid in die vaartuig vervoer kan word , die stuurman van die vaartuig belet om voort te vaar , tot tyd en wyl die vrag of aantal persone verminder is op ‘n wyse wat hy wenslik ag;

10.3.7 indien dit voorkom dat enige vaartuig of gedeelte daarvan nie geskik is vir navigasie op of in die water nie , die stuurman gelas om die vaartuig dadelik uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl die vaartuig of gedeelte daarvan, geskik gemaak is vir navigasie op of in die water;

10.3.8 indien dit voorkom dat enige van die toerusting soos voorgeskryf , nie aan boord van die vaartuig is nie of nie in goeie werkende toestand is nie of nie maklik aan boord bekombaar is vir onmiddelike gebruik nie , die stuurman gelas om die vaartuig dadelik uit die watergebied te verwyder tot tyd en wyl voldoen is aan al die voorskrifte;

10.3.9 enige onbewaakte visstok of lyn van die dam verwyder, indien die stok of lyn ‘n gevaar inhou vir die veiligheid van ander.

10.4 Geen persoon mag ‘n gemagtigde beampte tydens die uitvoering van sy pligte dwarsboom of inmeng met sy pligte nie , of weier om ware inligting te verskaf wanneer hy dit versoek nie.

10.5 Die Raad kan onderhewig aan sy reserviste-beleid enige persoon wat hy geskik ag as ‘n natuurbewaringsreservis, aanstel vir die uitvoering van die bepalings van hierdie

verordeninge. Elke natuurbewaringsreservis kan onderhewig aan die Raad se reservistebeleid al die bevoegdhede van ‘n natuurbewaringsbeampte uitoefen , binne die regsgebied van die Raad , deur wie hy aangestel is.

11.0 Verwydering van bote van die dam

11.1 Indien die eienaar van ‘n ongelisensieerde boot versuim om so ‘n boot van die dam te verwyder nadat hy deur ‘n gemagtigde amptenaar versoek is om dit te doen , kan die Raad so ‘n boot dadelik laat verwyder.

11.2 Ingeval die Raad enige lisensie intrek of indien enige lisensie verstryk of verval , moet die eienaar dadelik die boot van die dam verwyder.

11.3 Enige boot in of op die dam waarvan die gelde wat deur die Raad voorgeskryf word , vir meer as 30 {dertig } dae agterstallig is, kan deur die Raad verwyder word.

11.4 Indien die Raad van mening is dat enige boot 'n gevaar of besoedeling veroorsaak , kan die boot dadelik deur die Raad verwyder word.

11.5 Waar die Raad gemagtig is om die boot te verwyder , kan ‘n gemagtigde beampte enige reëlings tref wat hy nodig ag om die verwydering van die boot te verseker en die Raad kan die koste van die verwydering van die eienaar verhaal.

11.6 Indien eienaars wie se bote van die dam verwyder is , nie binne negentig dae na die verwydering of binne 90 dae nadat skriftelik aan die eienaar kennis gegee is , alle agterstallige gelde betaal het nie, kan die Raad op die boot beslag lê by wyse van ‘n hofbevel vir die verhaal van alle agterstallige gelde.

12.0 Algemene reëls

12.1 Niemand mag sonder die vooraf skriftelike toestemming van die Raad in die watergebied:

12.1.1 vir beloning of wins ‘n vertoning , vermaaklikheid , besigheid of handel van watter aard ook al bedryf nie;

12.1.2 enige vaartuig waarop passasiers of goedere teen betaling of vergoeding vervoer word , aanhou of gebruik nie;

12.1.3 enige visvangkompetisie hou nie;

12.1.4 enige wedren , byeenkoms of regetta hou nie.

12. 2 Bote asook persone kan alleenlik ingeval van nood of met die toestemming van die oewereienaar op sy grond aan wal gaan.

12.3 Huisbote en Vlotte

12.3.1 Voordat ‘n oewereinaar so ‘n vaartuig laat bou moet hy toestemming by die OEVB verkry. Die aansoek moet vergesel wees van planne,konfigurasie en doel.

12.3.2 Dit mag nie as bly- of oornagplek gebruik word nie.

12.3.3 Dit mag net binne kantsones en nie skisones vaar.

12.3.4 Dit moet altyd na ‘n vaart terugkeer van waar dit oorspronklik vandaan kom.

12.3.5 Die aantal word beperk tot een per oewereienaar.

12.3.6 Dit moet gelisensieerd wees. Die lisensiegelde mag verskil van gewone vaartuie en sal jaarliks deur die Raad vasgestel word. Ten tye van die opstel van dié verordeninge { 24 Junie 2006 } is dit R 250 per jaar,

12.3.7 Dit moet stylvol wees.

12.3.8 Engines en perdekrag sal beperk word met inbegrip van gewig en veiligheid.

12.3.9 Alle ander reëls vir bote is van toepassing.

13.0 Ekologie

13.1 Geen persoon mag:

13.1.1 van enige brug of damwal in die watergebied visvang nie;

13.1.2 in die dam duik en swem met kunsmatige asemhalingsapparaat aan nie , aan spiesvissery deelneem of visnette span nie behalwe ‘n skepnet;

13.1.3 betrokke wees by hengelaktiwiteite sonder ‘n geldige lisensie nie;

13.1.4 vuurwapens afvuur in die watergebied nie , behalwe ‘n gemagtigde beampte tydens die uitvoering van sy amptelike plige;

13.1.5 oornag in of om die waterarea of op enige eiland in die waterarea nie , behalwe in geval van nood of met die goedkeuring van die Raad;

13.1.6 kennisgewingborde , kentekens , boeie of merkers wat deur die Raad aangebring is , beskadig of verskuif nie;

13.1.7 enige watervoëls of ander wilde diere in die watergebied steur , beseer of voer nie;

13.1.8 enige plant of boom wat in die watergebied groei , pluk ,ontwortel, beskadig of afkap nie.

14.0 Swemmers

14.1 Moet binne die 20 meter kantsone bly en moet te alle tye sigbaar wees deur byvoorbeeld iets helderkleurig aan te hê of saam te sleep.

14.2 Indien iemand oor die dam wil swem moet hy te alle tye vergesel wees van ‘n boot wat ‘n geelvlag op hou.

15.0 Vrystelling van aanspreeklikheid ten opsigte van beserings en / of skade

15.1 Die Raad aanvaar geen aanspreeklikheid vir enige besering wat opgedoen word deur enige persoon wat van die dam of van enige gerief gebruik maak , of vir skade aan enige eiendom wat ook al die oorsaak is nie.

15.2 Die Raad in sy geheel , afsonderlike Raadslede , Die OEVB , afsonderlikeOEVB lede , enige persoon of onafhanklike kontrakteur in diens van die Raad of enige gemagtigde beampte , is nie aanspreeklik vir enige verlies of skade aan eiendom wat veroorsaak word deur , of voortspruit uit , of in verband staan met, enigiets wat te goeder trou gedoen , of uitgevoer word in die uitoefening of nakoming van 'n bevoegdheid verleen of plig opgelê ingevolge hierdie verordening nie. Dit is behalwe in die geval van enige opsetlike optrede of versuim van die kant van die Raad of gemelde persone.

15.3 Indien enige vraag ontstaan oor die goeie trou van enige sodanige persoon , word sy goeie trou aanvaar tensy die teendeel bewys word.

16.0 Boetes

16.1 ‘n Persoon wat in gebreke bly om hierdie reëls na te kom , kan hom skuldig maak aan ‘n oortreding en kan na skuldigbevinding deur ‘n gemagtigde amptenaar ‘n boete opgelê word.

16.2 Alle fooie en boetes wat onder hierdie reëls ingevorder word , sal deur die Raad vir die uitvoering en onderhoud van hierdie reëls aangewend word

Datum / Tyd: 11/29/2006 11:42 AM

==========
==========